Hoërskool McLachlan

Posbus 3
Joubertina
6410

☎ 042-273-1335
🖷 042-273-1210
info@hsmclachlan.co.za
www.hsmclachlan.co.za

JAARVERSLAG 2021

1. SKOOLPROFIEL

1.1	NAAM:	HOËRSKOOL McLACHLAN
1.2	EMIS NO:	200100315
1.3	KWINTIEL:	4
1.4	STATUS:	Artikel 21
1.5	TIPE:	OPENBARE SKOOL
1.6	TUISDORP:	JOUBERTINA
1.7	SKOOLDISTRIK:	SARAH BAARTMAN

2. SLAAGSYFERS EINDE 2020

Graad 1:	100%
Graad 2:	100%
Graad 3:	100%
Graad 4:	100%
Graad 5:	92%
Graad 6:	100%
Graad 7:	96%
Graad 8:	92%
Graad 9:	100%
Graad 10:	83%
Graad 11:	96%
Graad 12:	91%

3. LEERDERGETALLE 2021

Seuns:	165
Dogters:	211
TOTAAL:	376

4. GRADE WAARIN ONDERRIG IS

	LSEN	1	2	3	4	5	6	7	8	9	10	11	12	TOTAAL
SEUNS	7	10	12	21	16	10	15	15	12	10	14	10	13	**165**
DOGTERS	7	20	12	12	13	22	18	21	14	12	25	21	14	**211**
TOTAAL	14	30	24	33	29	32	33	36	26	22	39	31	27	**376**

5. POSTEVOORSIENING 2021

Posbeskrywing	Posbekleër	Vakonderrig	Status	Departementeel SBL
1. Skoolhoof	Vakant			
2. Departementshoof (H/S)	Mnr S. Pienaar	WG 10 – 12	Permanent	Departementeel
3. Departementshoof (L/S)	Vakant			
4. Posvlak 1-opvoeders	Me Lizbe Strydom (Gr 1)	Alle vakke	Permanent	Departementeel
	Me M. de Kock (Gr 2)	Alle vakke	Permanent	Departementeel
	Me Tania Potgieter (Gr 3)	Alle vakke	Permanent	Departementeel
	Me Elaine Strydom (Gr 4)	Afr. 4, Eng. 4, Wisk. 4 - 6	Permanent	Departementeel
	Me Riana Ferreira (Gr 5)	Afr. 5, LV 4 – 6, SW 4 – 6	Kontrak	SBL
	Me Lieshe du Preez (Gr 6)	Eng. 4-6 Afr. 6	Kontrak	SBL
	Me Anneke Roberts (Gr. 7)	Afr. 7-9 ; SK 7-9 Gesk. 8-9	Kontrak	SBL
	Me Marie Strydom (Gr 8)	NW 7 – 9, LW 10 – 12	Permanent	Departementeel
	Me Debbie de Jager (Gr. 9)	BS 10-12 Rek. 10-12	Permanent	Departementeel
	Me Janine Kritzinger (Gr 10)	Drama 10 – 12 Visuele Kuns 10 – 12	Permanent	Departementeel
	Mnr Johan Schlechter (Gr 11)	Wisk. 9 – 12 FW 10 – 12	Permanent	Departementeel
	Me Viginia Hatton-Jones (Gr 12)	Wisk. 8 Eng. 10 – 12	Permanent	Departementeel
	Me Marietjie Strydom	Afr. 10 – 12, Toer. 10 – 12	Permanent	Departementeel
	Mnr Daniël Terblanche	Wisk. 6-7, SW 7, EBW 7-9; Geo. 8-9	Permanent	Departementeel
	Me Roethilda Oelofsen	Gasvryheid 10 – 12	Kontrak	SBL
	Mnr Martin van Dyk	CAT 10 – 12	Kontrak	SBL
	Me Ursula Mey	Eng. 7-9 LO 7-9	Kontrak	SBL
	Mnr Willie Boshoff	NW en Teg. 4-6 Teg. 7 – 9 LO 10 – 12	Kontrak	SBL
5. LSOB	Me Aurelia Olivier	LSOB 1 – 5	Kontrak	SBL
	Me Mari Schreiber	LSOB 6-7	Kontrak	SBL

6. Assistentopvoeder	Me Elzé Potgieter	Graad 1	Kontrak	SBL
	Me Nicela Laruffa	Graad 2 en 3	Kontrak	SBL
7. Administratief	Me Daleen Strydom	Ontvangs, skooladministrasie	Permanent	Departementeel
	Me Augusta Mattheus	Finansies	Kontrak	SBL
	Me Simoné v.d. Mescht	Admin., LTSM, sport	Kontrak	SBL
8. Koshuis	Me Miriam Chabeli	Koshuistoesighouer, skoonmaker, kok	Kontrak	
9. Nutsman	Mnr Alwyn Boshoff		Kontrak	SBL
10. Terreinpersoneel en skoonmakers	Me Doleen Masimla Mnr Cheetah Elbrecht Mnr Justin Sebia Me Dina Pietersen		Permanent Kontrak Kontrak Kontrak (deeltyds)	Departementeel SBL SBL SBL
11. Busbestuurder	Mnr B. Kiewiets		Kontrak	SBL

6. PERSONEELAANGELEENTHEDE

'n Opregte dank aan al die onderwysers, nie-doserende personeel, skoolbeheerliggaam en borgekomitee vir hulle volgehoue harde, kwaliteitwerk om ons skool se naam hoog te hou en te verseker dat daar aan die toekoms van ons leerders gebou word om ‘n suksesvolle volwasse lewe te verseker. Mag hierdie besondere band van samewerking in 2022 voortgesit word.

7. SKOOLKOSHUIS

Gedurende kwartaal 1 en 2 was die skoolkoshuis nie operasioneel nie, a.g.v. Covid-19. Die koshuis is weer in kwartaal 3 oopgemaak.

8. AKADEMIE

Die uitdagings op akademiese terrein word by die dag groter. Leerders oor die totale spektrum ervaar groot agterstande, veral met leesvaardighede en gesyferdheid. Daar word ‘n beroep op ouers gedoen om hul kinders te ondersteun en saam met die skool te werk wanneer daar dissipline toegepas word. Die afwesigheid van ‘n vaste studieroetine tuis, toegewydheid tot leer en ‘n gedissiplineerde lewensstyl is van die grootste probleme wat die skool daagliks ervaar en moet hanteer.

Die sukses van die LSOB-klas kan nie genoeg beklemtoon word nie. Die vooruitgang wat hierdie leerders toon, is merkwaardig. Dankie aan mevv. Aurelia Olivier en Mari Schreiber vir hulle leiding en insette. Leerders en ouers is groot dank aan hulle verskuldig.

9. SPORT

Weens COVID het daar geen sport in 2021 plaasgevind nie.

10. OLIMPIADES

Conquesta olimpiade

Jaarliks neem die graad 3- tot graad 7-leerders aan die Conquesta Olimpiade deel. Leerders kry die geleentheid om hul kennis in verskeie vraestelle te toets. Die vraestelle bestaan uit goed deurdagte vrae wat volgens die CAPS-kurrikulum opgestel is.

Hierdie jaar het ‘n hele aantal leerders deelgeneem. Afrikaans Huistaal, English Additional Language en Wiskunde is die gewildste vakke wat deur ons leerlinge geskryf word. Hoërskool McLachlan se leerlinge het hierdie jaar baie goed gevaar en kon tydens die laerskoolprysuitdeling met hul pragtige sertifikate spog.

11. VRL

Die verteenwoordigende raad van leerders van 2021 is swaar deur die Covidpandemie geraak. Hulle kon nie tydens ‘n prysuitdelingseremonie bekend gestel word nie en kon nie al die tradisionele VRL- aktiwiteite soos die sokkies, pretaktiwiteite en naskoolse kampe reël nie. Ons moes die lede d.m.v. die laaste nuusbrief en whatsappgroepe in 2020 bekendgemaak het. Hulle opleiding is eers in Januarie 2021 by die skool gedoen.

Gelukkig het die eerste kwartaal van 2021 taamlik vryer begin en kon die VRL, UK en matrieks met die gr. 8- oriëntasie help. Mnr. Schlechter en die UK het die tradisies, skoollied, skoolwapen, erekode, “sottetoets” en terreinoriëntasie waargeneem.

Ons hoofleier, Johan Strydom, het sy eerste CD gedurende die Covidjaar opgeneem en dit is in 2021 vrygestel.

Die VRL was hoofsaaklik verantwoordelik vir hulp in die klasse, toesig op die speelterreine, segsmanne in die klasse en met admin.-take in die skool. Ons VRL-lede kon voortgaan met die uitdeel van die leerders se verjaarsdagkaartjies en sjokolades deur die hele jaar.

Ons kon in Septembermaand, saam op die SAOU se onderwyserdag , bome plant op die gronslagfasespeelgronde. Van die VRL-lede het vir die onderwysers ‘n geelhoutboom geplant en mev. Mattheus het ‘n groot skaduboom geplant.

Die invloed van min opbouende sosiale kontak tussen sommige leerders, gesonde sportontwikkeling, groepsaktiwiteite in klasverband het gelei tot die swakker gees wat ons later in die graad 12-klas ervaar het.

Ons hoop om met die minder inperkings weer ons gees en samehoringheid in die klasse in 2022 te herstel.

Die 2021-VRL-lede het hulle werksaamhede in die derde kwartaal oorgegee aan die nuwe VRL van 2022 wat tydens ons prysuitdelingsfunksie bekendgemaak is.

12. KULTUUR

Nasionale Kyknet-toneelkompetisie:
Sesethu Mtsele, gr. 12, en Porsha Khewu, gr. 12, het aan die finale rondte van die Nasionale Kyknet-toneelkompetisie by die Kunstekaapteater deelgeneem.

Digitale Tienertoneelkompetisie:
Cima Booysen, gr. 11, dring deur na die top 20 van die ATKV se digitale tienertoneelkompetsie in die land.

ATKV:
Die ATKV-R62-Kamerade jeugtak het die afgelope jaar verskeie projekte in die skool en gemeenskap aangepak.

Reeds tydens die eerste kwartaal was daar verwelkomingsverrassings vir die haasbekgraadeens en ook vir al die personeellede. Die laerskoolleerders het ook ‘n geleentheid gekry om hul ma te teken. Die kinders se pragtige sketse het aan hul groot pryse besorg. Hoërskool- en laerskoolleerders het tydens die Paasomgeeprojek gebruikte klere en speelgoed geskenk en daarmee kon die ATKV-lede baie minderbevoorregtes se harte verbly.

Tydens die tweede kwartaal het die ATKV-bestuur al die dames en mans in Huis Formosa met Moeders- en Vadersdag bederf. Die inwoners se harte is verbly met ‘n sjokolade en ‘n bemoedigende kaartjie. Weens die COVID-19-pandemie en baie afwesige leerders was dit moeilik om tydens die derde kwartaal projekte aan te bied.

Gedurende die vierde kwartaal is ‘n vlymskerpspelvasvra geloods. Elf spanne het aan die spelkompetisie deelgeneem. Verskillende woorde is gevra wat die spanne korrek hardop moes spel. Drie wenspanne kon wegstap met pryse wat deur die ATKV geskenk is.

Die leerlinge van Hoërskool McLachlan het dit geniet om aan al die aktwiteite wat deur die ATKV-R62-Kamerade aangebied is, deel te neem.

Miencke Strydom het aan drie digitale redenaarskompetisies deelgeneem: Oppi-Tongaf, ATKV en Radikale Redenaars waarin sy onderskeidelik ‘n A++, A+ en A behaal het.

13. GELDINSAMELINGSPOGINGS

Gedurende 2021 het die skool verskeie pogings aangewend om fondse in te samel. Die personeel in samewerking met die OOV en skoolbeheerliggaam het verskeie suksesvolle projekte afgehandel.

Gedurende kwartaal 1 is daar weekliks heerlike wegneemetes op bestelling verkoop. Gedurende kwartaal 2 is die Senõr Chef-projek geloods en afgehandel. Kwartaal 3 het plek gemaak vir die hamper-projek en ‘n kolwyntjieverkoping.

Skoolfoto’s en ‘n boekuitstalling is ook op ‘n kommissie-basis suksesvol afgehandel. Daar sal in kwartaal 4 ‘n HORTGRO- boeredag en ‘n “Hamburger”-aand aangebied word. Daar word ook gewoeker met lootjielyste en die wenner sal ‘n kluis wen.

Alhoewel die jaar 2021 baie uitdagend was vir die aanbieding van tradisionele funksies , sportdae, sosiale geleenthede en feeste, wil Hoërskool McLachlan almal bedank wat hul skoolgelde pligsgetrou betaal en deelgeneem het aan die pogings om addisionele fondse in te samel.

Ons dank gaan ook aan al die lojale BORGE wat ingestem het om ons skool finansieel of op ander maniere te ondersteun. Dankie aan die borgespan , die OOV en die SBL wat erns met die skool se finansies maak.

SLOT

Baie dankie aan al die leerders en personeel met die suksesse van 2021, ten spyte van al die unieke uitdagings van Covid-19. Dankie vir almal se betrokkenheid, om meer as net die nodige te doen en sodoende lewens te verryk en waardevolle ervarings te deel. Bou voort op die suksesse van 2021 en streef daarna om in 2022 nog groter hoogtes te bereik en groter deelname aan aktiwiteite te verseker.

Die uwe

S.J.D. Pienaar

Waarnemende Skoolhoof: Hoërskool McLachlan

stan@hsmclachlan.co.za

Posbus 3, Joubertina, 6410

Oos-Kaap, Suid Afrika

Tel: +27 (0) 42 273 1335

Cell: +27 (0) 83 546 2788

Fax: +27 (0) 42 273 1210

Hoërskool McLachlan